

1 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12

Fokusgedeelte: Matteus 5:3

'n Burger van God se koninkryk is 'n geloofsbedelaar

Jesus Christus bring 'n radikale skeiding tussen die burgers van sy koninkryk van lig en die burgers van die koninkryk van die duisternis. Van nature is ons as burgers van die koninkryk van die duisternis gebore: geneig om God en ons naaste te haat en net vir onself te lewe; in eie krag soek ons ons roem; selfsug en gierigheid is die norm waarvolgens ek lewe; grootpraterigheid en verwaandheid kenmerk my lewe; ek meet so graag na onder wanneer ek met my naaste omgaan ... ag die lys is eindeloos lank!

Maar iets het gebeur! Die koninkryk van God het in Jesus Christus die koninkryk van duisternis deurbreek (Matt. 3:2; 4:17, 23)! Heerlike strale van lig, genesing en bevryding het op 'n wêreld in sonde oud geval. Jesus Christus het Homself verneder deur in die koninkryk van duisternis in te tree: Hy het in ons sonde-ellende in geïmmigreer om ons saam met Hom uit te lei. Saam met Christus het jy uit die valse ryk van sondeverlorenheid, ellende en 'n lewe onder die gevolge van sonde geïmmigreer en na die koninkryk van die lig en lewe geïmmigreer. Die Heilige Gees het 'n hartsverandering bewerk en kragtens jou wedergeboorte is jy nou 'n burger van God se ewige vredesryk waar Hy deur sy Woord en Gees oor jou lewe regeer! Dít is 'n lewe van saligheid, nie maar net 'n lewe van blydskap en gelukkigheid nie. Dit gaan oor veel meer: dit gaan oor 'n verhouding waarin ek tot God staan en waarin ek 'n vreugde en 'n nuwe lewe *in die Here* vind wat nooit van my af weggeneem kan word nie.

Ons teksgedeelte beskryf hierdie burgers van God se koninkryk waar Hy deur sy Woord en Gees regeer. Iemand wat in die Here salig is en wat deur die Woord en Gees van God regeer word, is in ons teksvers, 'n geloofsbedelaar. Arm van gees. Afhanklik van God ... Hier staan ek, Here, voor u troon. Sonder enige daad van geregtigheid waarop ek kan roem, want my beste werke is met sonde beplek. Hier staan ek, kaal voor U troon. Ek werp my in u genade. Ek werp my in u barmhartigheid. Ek werp my in u Vaderhande. In die wêreld waar die grondwet van die koninkryk van die duisternis in my keel afgedruk word, het ek niks meer nie. U loutering en beproewing het my geleer: my selfsugtigheid is meer selfvernietigend as die wreedste kanker. U loutering en beproewing het my geleer dat geld nie ware, diepgewortelde vreugde koop nie, maar dat ware vreugde deur die Heilige Gees in my hart gegiet word. In die vuurproef van geloofsloutering het u my geleer dat my grootheidswaan nie stand hou wanneer U met my besig is nie. My roekeloosheid het my niks gebaat nie, dit het my sorg net meer gemaak. Ek het genot liefgehad – ek het dit met alles wat ek het, nagejaag. En ek het alles wat ek gehad het, verloor. Nie net my geld nie. Nie net my vriende nie. Nie net my lewensvreugde nie, maar amper ook my siel. Keer op keer het u my teruggeroep. Keer op keer het u met my gepraat deur my swaar omstandighede. Deur my siekbed. Deur my ouderdom. En nou staan ek hier. Ek is 'n bedelaar voor u troon. Ek is 'n bedelaar in die geloof. Van u alleen is ek afhanklik ...

En straks sal ook jý die vreugdewoorde hoor: Salig is jy ... jý wat die koninkryk van die hemel in Christus Jesus ontvang het!

Sing: Skrifberyming 11-3 (16):1

Ds. JC van Dyk (Ventersdorp)